

Romeo en Juliet


William Shakespeare



The background of the image is a romantic, ethereal scene. It features a stone balcony with a balustrade. Behind the balustrade are several lit candles in ornate holders. The scene is framed by stone arches, and there are pink flowers and green foliage visible. The overall atmosphere is soft and dreamy, with a light blue and white color palette.

Die Capulets en Die Montagues

Dit was 'n warm somer middag in die mooi dorpie Verona. Mense was besig om inkopies te doen en te gesels in die sonskyn toe skielik...



Twee bende jong mans het oor die mark plein los getrek, gebaklei, geskop en gerol in die stof. Die dorpsmense het gehardloop vir skuiling. Die bendes het aan twee van Verona se rykste families behoort, die Capulets en die Montagues. Die families was geswore vyande, en hulle het altyd baklei.



Binne minute het Verona se heerser Prins Escalus saam met sy soldate opgedaag om die geveg te breek. Die prins was woedend.

“Ek het genoeg gehad van hierdie vete!” hy was woedend. “Dit moet stop. Van nou af sal enige iemand wat gevang word baklei, dood gemaak word!”



Ou Montague, die hoof van die Montague familie, het inderhaas die markplein binne gejaag, op soek na sy seun Romeo. Maar hy het net Benvolio, Romeo se neef, gekry.

“Moenie bekommerd wees nie, oom,” het Benvolio gesê. “Romeo het nie baklei nie. Hy is te verstandig.”



Kort daarna het Romeo self verby gedwaal. Benvolio het hom vertel wat gebeur het, toe iemand agter hulle praat. "Het jy gehoor? Ou Capulet hou vanaand 'n maskerbal."

"Het jy dit gehoor, Romeo?" het Benvolio gefluister. "'n Partytjie by die Capulet se huis. Kom ons gaan! As ons vermommings dra, sal niemand raai wie ons is nie."


Opgewonde het die twee jong Montagues hul vriend Mercutio gaan soek, om hom saam te nooi.



The background of the image is a romantic, ethereal scene. It features a stone balcony with a balustrade in the foreground. Behind the balustrade are three large, arched openings supported by stone columns. The arches are set into a stone wall. The scene is softly lit, with a warm, golden glow emanating from the center. On either side of the central arch, there are lit candles in ornate holders. Pink roses and other flowers are visible, adding to the romantic atmosphere. The overall tone is soft and dreamy, with a focus on love and romance.

Verlief Geraak

By die Capulets se herehuis het die plek gegons van opgewondenheid. Bediendes het rond gejaag, die tafels dek en kerse aan gesteeek en die finale voorbereidings vir die partytjie is gedoen.



Op die boonste vloer het Juliet se Capulet verpleegster haar gehelp om aan te trek, toe Juliet se ma inkom. "Nou Juliet," het sy gesê.

"'n Man genaamd Graaf Paris kom vanaand. Ek hoop jy hou van hom. Ek en jou pa wil hê jy moet met hom trou." "O Juliet, liefie," het haar verpleegster geskreeu. "Jy moet getroud wees! Hoe opwindend!"

Juliet was verskrik. Sy was maar dertien. Sy was nie gereed om te trou nie, sê nou sy hou nie van graaf Paris nie?



Maar daar was nie tyd om te stry nie. Die partytjie was op die punt om te begin. Juliet het haar rok reg getrek en met die groot marmer trappe af gegaan na die banket saal.



'n Bietjie later het drie verrassingsgaste opgedaag. Benvolio het stil gestaan. Hy het 'n pragtige meisie in 'n pienk en room rok gewaar en hy kon nie sy oë van haar afhou nie.



Juliet se neef Tybalt herken die drie vriende en is reguit na Ou Capulet toe. "Oom, Montagues is hier!" het hy verklaar. "Kom ons skop hulle uit."

"Nee, Tybalt," sê sy oom. "Onthou die prins se waarskuwing. Geen bakleiery nie."



Romeo het gesien hoe die meisie die saal verlaat en haar agter volg. Skaam het hy na haar toe gegaan. "Ek weet nie wie jy is nie," het hy gesê, "maar ek het verlief geraak op jou. Jy's beeldskoon!" En hy het haar gesoen.

Juliet het die saal verlaat om van graaf Paris te ontsnap. Sy het glad nie van Paris gehou nie. Maar toe Romeo haar soen, voel sy hoe haar hart fladder. Sy het dadelik op hom verlief geraak.



“Wie is jy?” het Juliet gefluister.

“Hy is Romeo Montague!” het Juliet se verpleegster uit woede vir haar gesê. Wie het na haar kom soek. “Ou Capulet sou 'n aanval kry as hy sy dogter met 'n Montague sien. Kom aan,” het sy aangespoor en Juliet weg geneem. “Graaf Paris wil met jou dans.”

Romeo kreun. “Is sy 'n Capulet? Wat gaan ek doen?”



Toe die partytjie eindig, sluip Romeo na buite en kruip in die Capulets se tuin weg.

Toe die maan opkom, het hy gesien hoe Juliet op 'n balkon stap. "O, Romeo!" het sy gesug. "Dis jou wat ek lief het. As jy net nie 'n Montague was nie!"

"Juliet," het Romeo na haar geroep. "Ek is hier in die tuin. En ek is lief vir jou."

"Jy is?" het Juliet gesê.

"Met my hele hart," het Romeo geantwoord. "Ek sou met jou trou, as ek kon."



“Maar my ouers gaan my met graaf Paris laat trou,” het Juliet gehuil.

Sy het gefrons. "Ons enigste hoop is om in die geheim te trou," het sy uiteindelik gesê. "Dan sal ons," het Romeo gesê.

“Ek sal my verpleegster vra om ons te help,” het Juliet besluit.
"Stuur vir my 'n boodskap môre.”

“Ek sal,” het Romeo belowe, “maar nou moet ek gaan,
Totsiens Juliet!”



The background of the image is a romantic wedding scene. It features a stone archway with three large arches. The central arch is the largest and is the focal point. The arches are made of light-colored stone. In the foreground, there is a stone balustrade with decorative balusters. On the balustrade, there are several lit candles in ornate holders. To the left and right of the central arch, there are large, lush flowers, possibly roses, in shades of pink and purple. The overall atmosphere is soft and romantic, with a slightly hazy or misty background. The text is centered in the middle of the image, overlaid on the central arch.

'n Geheime Troue

Die volgende oggend het Romeo vir monnik Laurence gaan besoek. Die man was 'n wyse monnik wat medisyne gemaak het en mense met hul probleme gehelp het.

“Wat kan ek vir jou doen, Romeo?” het monnik Laurence gevra.

“Ek is verlief op Juliet Capulet,” het Romeo verduidelik. “Ek weet ons ouers sal nie daarvan hou nie, maar ons wil baie graag trou.”

“Dan help ek jou,” het die monnik vriendelik gesê. “Wanneer julle ouers uitvind julle is getroud, kan dit dalk help om die bakleiery te stop. As julle albei van middag na my huis toe kom, sal ek julle in die geheim trou.”



Romeo was verheug. Hy het na die markplein gehardloop om Juliet se verpleegster te vind en vir haar die boodskap te gee.

Die verpleegster het gehaas om vir Juliet te vertel wat Romeo gesê het. Sy het dit gehaat om haar geliefde Juliet ongelukkig te sien.



Juliet kon nie ophou glimlag nie. "Ek sal vir my ouers sê ek gaan die monnik sien oor my troue met graaf Paris," het sy besluit.



Toe die klok twee slaan, kom Juliet by monnik Laurence se huis aan.
Romeo het vir haar gewag en die monnik het dadelik die geheime
troue uit gevoer.

Romeo en Juliet was getroud. Maar Juliet se ouers het haar terug
verwag en sy moes reguit huis toe gaan.



Romeo het dus vir Benvolio en Mercutio gaan soek. Hy het hulle op die markplein gekry en met Tybalt Capulet gestry. "Wat is die probleem?" het Romeo gevr.

"Julle Montagues is die probleem," het Tybalt gegrom en het na Romeo gedraai. "Jy het by ons partytjie ingesluip en ek gaan jou laat betaal. Ek daag jou uit vir 'n tweegeveg!"



“Ek weier,” het Romeo geantwoord. “Jy weet die prins het gesê geen bakleiery nie.”

“Jy is bang om te veg!” het Tybalt hom uit getart.

“Moenie so met my vriend praat nie!” het Mercutio gesê. “O, so jy wil eerder baklei, wil jy?” het Tybalt geskree en sy swaard getrek. Mercutio het syne ook uit getrek, en hulle het begin baklei.

“Stop dit!” het Benvolio geskree. Hy en Romeo het verwoed probeer om die paar uit mekaar te trek. Hulle was te laat. Tybalt het vir Mercutio, wat op die grond neer gesak het – dood gesteek.



Romeo was so ontsteld dat hy Mercutio se swaard gegryp het.
Sonder om te dink het hy na Tybalt gehardloop en hom ook
gesteek. Benvolio het verskrik gestaar toe Tybalt op die grond sak.
"Romeo, wat het jy gedoen?" het hy gehyg.
"Vinnig, gaan voor die prins kom!" Romeo het die swaard laat val
en vir sy lewe gehardloop.





Ontsnap na Mantua

Toe prins Escalus opdaag, het Benvolio hom van die geveg vertel. Die prins was kwaad, maar hy kon sien dat Tybalt meestal die skuld gehad het. "Romeo sal nie sterf nie," het hy gesê. "Ek sal hom eerder verban."

Om verban te word, het beteken dat Romeo Verona moes verlaat en nooit terug kom nie. Dit was beter as om dood gemaak te word - maar nie veel nie.



Skinder stories het vinnig in Verona versprei en die verpleegster het gou gehoor wat gebeur het. Met trane in haar oë het sy vir Juliet gaan vertel.

Juliet was hartseer. “Neef Tybalt is dood,” het sy gesnik, “en ek sal nooit weer my Romeo sien nie!”

“Moenie huil nie,” het die verpleegster gesmeek. “Ek sal Romeo bring om jou te sien voor hy vertrek. Hy skuil by die monnik se huis.”

“Ja, kry hom asseblief,” het Juliet gesê en haar oë afgevee.

“Vra hom om te kom groet.”



Die verpleegster is reguit na die monnik se huis toe. Romeo het gelyk asof hy ook gehuil het. "Romeo, jy moet dankbaar wees," het monnik Laurence gesê. "Die prins het jou lewe gespaar."

"Maar ek is verban," het Romeo gesê. "Ek wil by Juliet wees.

"Gaan sien haar vanaand," get die monnik gesê, "maar maak seker jy verlaat Verona teen dag breek. Gaan na die stad Mantua. Na 'n rukkie sal ek met die prins praat. Ek sal hom vra om jou te vergewe en jou huis toe te laat kom."

Die verpleegster het vir Romeo geglimlag. "En ek sal vir Juliet sê jy is op pad."



Daardie aand het Romeo weer na die Capulets se tuin gegaan en met die klimop na Juliet se balkon geklim. Maar voor dag breek moes hy vertrek. "Dit is nog nie dag nie," het Juliet gepleit. "Dit was die nagtegaal wat jy gehoor het en nie die kiewiet nie." Romeo het gesug. "Ek moet gaan," het hy gesê. "As ek hier bly, sal ek sterf."

Hy het sy nuwe vrou nog 'n laaste soen gegee, van die balkon af geklim, en uit die tuin gehardloop en vertrek na Mantua.



Die hele oggend het Juliet gehuil en gehuil. Haar verpleegster het haar probeer troos, maar sy kon haar nie keer nie. Skielik het haar ma en pa in gestap.

“Arme Juliet,” het haar ma gesê en na haar toe gegaan. “Jy is steeds ontsteld oor Tybalt. Maar dit sal jou opbeur. Jy moet met graaf Paris trou. Die troue is Donderdag!”

“Donderdag?” het Juliet gehyg. Dit was so gou. “Maar ek wil nie met graaf Paris trou nie. Moet my asseblief nie maak nie.” Haar pa het gefrons. “Ek sal nie met hom trou nie,” het Juliet geskree. “Nee nee nee!”



"Wat bedoel jy, nee?" het haar pa vies gesê. "Jy sal Donderdag met graaf Pairs trou en dit is dit!" En haar ouers het haar verlaat.

"Maar ek is reeds getroud," het Juliet gehuil. "Wat gaan ek doen?"

"Wel, jy kan nie vir jou ouers van Romeo vertel nie," het haar verpleegster gesê.

Die verpleegster het weg gewoel en Juliet het besef net een kan haar help. "Ek moet vir monnik Laurence gaan sien," het sy gedink.



The image depicts a romantic, stone balcony or terrace. It features three large, rounded arches supported by thick, fluted stone columns. A decorative balustrade with balusters runs across the foreground. On the balustrade, there are four lit candles in ornate holders. The background is a soft, misty landscape with hints of greenery and flowers. The overall mood is romantic and atmospheric.

Die Tower Drankie

Monnik Laurence was besig om kruie in sy tuin te plant toe Juliet opdaag. "O monnik, help my asseblief," het sy gesmeek. "My pa sê ek moet Donderdag met graaf Paris trou!"

"Maar jy kan nie," ht die monnik gesê.

"Jy moet help." Juliet was desperaat.

"Ek sterf eerder as om met Paris te trou. Is daar iets wat jy kan doen?"



Die monnik het 'n rukkie gedink.

“Wel,” het hy uiteindelik gesê, “daar is een ding wat kan werk.”

“Ek sal vir jou 'n tower drankie gee,” het die monnik gesê.

“Wanneer jy dit drink, gaan jy in 'n koma. Jou liggaam sal koud wees en dit sal lyk asof jy dood is. Maar regtig, jy sal net in 'n baie diep slaap wees, wat vir twee dae sal duur.”



“Drink die tower drankie vanaand. In die oggend sal jou ouers jou kry en dink jy is dood. Hulle sal jou liggaam in die Capulet familie graf sit terwyl hulle jou begrafnis reël.”

“Wat dan?” het Juliet gevra. "Ek sal 'n boodskapper na Mantua stuur om Romeo die plan te vertel," het die monnik voortgegaan. “Twee nagte van nou af sal jy wakker word. Romeo kan na Verona kom om jou te red en julle kan saam weg hardloop!”



“Ek sal dit doen,” het Juliet dapper gesê. Sy het die bottel in 'n bewende hand vasgehou. “Dankie, monnik Laurence.”

Sy het die tower drankie styf vas gehou, omgedraai en huis toe gehardloop



Terug by die Capulet herehuis het Juliet met haar ouers gaan praat.

“Ek is jammer ek was onbeskof met julle,” het sy sag gesê. “Ek was ontsteld oor Tybalt. Natuurlik trou ek Donderdag met graaf Paris.”

“Jy is ‘n goeie meisie,” het haar ma gesê.



Daardie aand het Juliet in haar bed gesit. Versigtig het sy die bottel wat monnik Laurence vir haar gegee het ontkurk en elke laaste druppel van die bitter tower drankie gedrink. 'n Paar oomblikke later het sy in 'n diep, diep slaap geval.....



The background image is a romantic, ethereal scene of a balcony. It features three stone arches supported by columns. A balustrade with decorative balusters runs across the foreground. Several lit candles in ornate holders are placed on the balcony. Pink flowers are visible on the left and right sides. The overall atmosphere is soft and dreamy, with a light blue and white color palette.

Romeo Keer Terug

Dit was net soos die monnik belowe het. Die volgende oggend het Juliet se verpleegster haar koue lyf op die bed gekry en geskree. “Sy is dood! Juliet is dood!”

“Daar sal geen troue vir my dogter wees nie,” het Ou Capulet gesê terywl hy sy trane probeer terughou het. “In plaas daarvan moet ons voorberei vir 'n begrafnis. Dra haar liggaam na die familie graf.”



Intussen het monnik Laurence 'n brief aan Romeo geskryf waarin hy alles verduidelik het. Hy het die brief verseël en dit aan sy vriend, monnik John, gegee om af te lewer. “Hierdie brief moet Romeo môre bereik. Gaan gou na Mantua toe.”



Maar die nuus het vinnig versprei. Kort voor lank het mense kilometers ver van Juliet se dood gehoor. In Mantua het 'n bediende aan Romeo gesê dat Capulet se dogter gesterf het.

“Ek sal terug gaan na Verona en Juliet op die graf kry,” het Romeo gesnik. “Dan lê ek langs haar en drink gif, sodat ek ook kan sterf. Op dié manier kan ons saam wees.



Romeo het 'n apteker gaan soek.

“Ek het die sterkste gif wat jy het nodig,” het hy gesê.

“Jy kan nie gif in Mantua koop nie. Dit is teen die wet,” het die man vir hom gesê. Maar Romeo het gesien hy is arm en het hom veertig goue munte aangebied. Die apteker het vinnig 'n klein botteltjie oorhandig.

Romeo het die gif in sy sak gesit en na Verona gegaan so vinnig as wat sy perd hom kon dra.



Teen die tyd dat monnik John in Mantua aangekom het, het Romeo reeds vertrek. Die monnik het dus terug gegaan na Verona, sonder om die brief af te lewer.



Laat daardie aand het Romeo in Verona aangekom. Hy het na die Capulet se huis gekruip en die ingang na die graf gekry. Maar iemand anders was reeds daar: graaf Paris.

“Wat maak jy hier, Montague?” het Paris geëis. “Juliet is dood weens jou. Jy het haar neef, Tybalt, vermoor en sy is dood van hartseer.”



“Dis nie waar nie!” het Romeo gehuil. “Ek was meer lief vir haar as jy.”

“Jy oortree,” het die graaf terug gekap terwyl hy sy dolk getrek het. “Gaan uit.” Hy het na Romeo gestorm.

Romeo het ook sy dolk getrek en terug baklei. Graaf Paris het gehyg en sterwend op sy knieë geval.

Romeo het oor die liggaam gestap en Juliet gaan soek.



Sy het binne gelê, so koud soos die klip onder haar, maar so mooi soos altyd. Romeo het haar hand gevat en gehuil terwyl hy haar wang gesoen het.



Terug by monnik Laurence se huis het monnik John terug gekeer.
“Ek het na Mantua gegaan, maar ek kon nie die boodskap af lewer
nie,” het hy aangekondig. “Romeo was nie daar nie.”

Monnik Laurence het siek gevoel. "Maar Juliet sal alleen in die graf
wakker word," het hy gesê. “Ek moet haar red!” En hy het uit sy
huis gehaas, op pad na die Capulet graf.



In die graf het Romeo sy bottel gif uit gehaal. Hy het alles gedrink, langs Juliet gaan lê en haar 'n laaste keer gesoen.

Binne 'n paar oomblikke het Romeo stil gelê.



Nie lank daarna nie, het Juliet wakker geword. Sy jhet haar hand oor haar oë gevryf. "Waar is ek?" het sy gewonder. Toe onthou sy die tower drankie en monnik Laurence se plan. "Romeo?" het sy geroep. "Ag nee!" het sy gehuil toe sy Romeo se stil liggaam sien. Sy het die gif bottel in sy hand opgemerk en sy skouers geskud. Hy het nie geroer nie.



Juliet het besef wat hy gedoen het. "O Romeo," het sy gesnik. "Ek kan nie sonder jou lewe nie. Ek sal jou lippe soen en myself ook vergiftig."

Net toe hoor sy 'n geluid. Iemand het gekom.

Juliet het Romeo se dolk gegryp. Voordat iemand kon opdaag om haar te keer, het sy dit in haar hart gesteek en bo-op Romeo in mekaar gesak.



Monnik Laurence het by die graf ingebars, gevolg deur soldate en bediendes. Hulle was te laat. Romeo en Juliet was dood.



Die broeder het die Capulets, die Montagues en Prins Escalus ontbied en vir hulle die hele hartseer verhaal vertel.

Die prins het hom tot die twee families gedraai. "Kyk wat jul haat gedoen het," het hy gesê. "Romeo en Juliet het die prys vir julle vete betaal."

Ou Capulet en Ou Montague het ingestem om Romeo en Juliet langs mekaar te begrawe. Hulle het hul tranes afgegee en belowe dat hul families nooit weer sou baklei nie.



